



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V2

## FEBRUARIE/MAART 2018

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Opstel | (40) |
| AFDELING B: | Lang transaksionele teks | (20) |
| AFDELING C: | Kort transaksionele teks | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. BEPLANNING, REDIGERING EN PROEFLEES:

   - Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees.
   - Gebruik 'n kopkaart, vloeidiagram, sleutelwoorde, ens. vir jou beplanning.
   - Doen elke keer beplanning VOORDAT jy die finale produk skryf.
   - Dui die beplanning duidelik aan.
   - TREK 'N STREEP DEUR DIE BEPLANNING NADAT JY DIE FINALE PRODUK GESKRYF HET.

6. Beplan jou tyd só:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 60 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

7. Nommer elke skryfstuk soos wat dit in die vraestel genommer is.

8. Skryf die vraagnommer en die titel neer.

9. Skryf jou eie titel neer as jy oor 'n prent in VRAAG 1.5 skryf.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: OPSTEL


Skryf 'n opstel van 200–250 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 1

1.1 **'N DAG WAT EK ALTYD SAL ONTHOU**

In elke mens se lewe staan daar een dag uit wat hy/sy altyd sal onthou.

Skryf 'n **opstel** oor 'n dag wat jy altyd sal onthou.



[Verwerk uit www.canstockphoto.com]

Dink aan die volgende:

- Watter dag sal jy altyd onthou?
- Wat het daardie dag gebeur?
- Waarom sal jy daardie dag altyd onthou?
- Watter les het jy uit daardie dag geleer? **[40]**

1.2 **DIE BELANGRIKSTE PERSOON IN MY LEWE**

Daar is baie mense in jou lewe, maar daar is een persoon wat die belangrikste is.

Skryf 'n **opstel** oor die belangrikste persoon in jou lewe.


Dink aan die volgende:

- Wie is hierdie persoon?
- Hoe lank ken jy al hierdie persoon?
- Waarom is hierdie persoon belangrik in jou lewe?
- Hoe voel jy oor hierdie persoon? **[40]**

1.3 **'N PLEK WAT EK GRAAG WIL BESOEK**

Ons almal wens om eendag 'n sekere plek te besoek.

Skryf 'n **opstel** oor 'n plek wat jy graag wil besoek.




[Bron: www.canstockphoto.com]


Dink aan die volgende:

- Watter plek wil jy graag besoek?
- Hoe weet jy van hierdie plek?
- Waarom wil jy graag hierdie plek besoek?
- Watter planne gaan jy maak om eendag hierdie plek te besoek? **[40]**

1.4 **REGTE KEUSE ... VERKEERDE KEUSE**

'n Mens moet elke dag kies wat om te doen of te sê. Daar is altyd keuses om te maak. Soms kies 'n mens reg en soms kies 'n mens verkeerd.

Skryf 'n **opstel** oor 'n regte of verkeerde keuse wat jy gemaak het.


[Bron: www.clipartkid.com]

Dink aan die volgende:

- Watter keuse het jy gemaak?
- Hoekom moes jy hierdie keuse maak?
- Hoekom was hierdie keuse reg of verkeerd?
- Sou jy weer dieselfde keuse maak as jy weer kon kies? Hoekom? **[40]**

1.5 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n **opstel** daaroor.
Skryf die VRAAGNOMMER van die opstel neer en gee jou opstel 'n TITEL.
Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.5.1


[Bron: www.edgalary.com] **[40]**

1.5.2



[Bron: www.bestcolleges.com] **[40]**

1.5.3



[Bron: www.dreamstime.com] **[40]**

1.5.4




[Bron: www.freesportclipart.com] **[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 80–100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### VRAAG 2

2.1 **FORMELE BRIEF**

Hierdie advertensie het in jou dorp se plaaslike koerant verskyn.

## *VAKANSIEWERK - JUNIEVAKANSIE*

***Jabulani Dagsorgsentrum*** *het vakansiewerk vir jongmense as oppasser tydens die Junieskoolvakansie.*

*Jy moet:*

- *Laerskoolkinders oppas en aktief besig hou*
- *Lief wees vir kinders*
- *Bereid wees om lang ure te werk*
- *Betroubaar wees*
- *Tussen 16 en 20 jaar oud wees*

*Stel jy belang? Skryf dan 'n aansoekbrief en gee die volgende inligting:*

- *Die rede waarom jy graag die werk wil hê*
- *Jou persoonlike besonderhede*
- *Waarom jy vir die werk geskik is*
- *Jou kontakbesonderhede*

*Rig jou aansoekbrief aan:*
*Die Hoof*
*Jabulani Dagsorgsentrum*
*Mandelastraat 20*
*Polokwane*
*0700*



[Bron: www.clipartkid.com]


Skryf 'n **formele brief** aan die hoof van Jabulani Dagsorgsentrum en doen aansoek om die vakansiewerk as oppasser. Die hoof is mev. C Mapoma. **[20]**

2.2 **VRIENDSKAPLIKE BRIEF**

Jou beste maat se ma/pa is oorlede.

Skryf 'n **brief** aan jou maat waarin jy sê hoe jammer jy is.

Dink aan die volgende:



[Bron: www.worldsartsme.com]

- Hoe lank het jy jou maat se ma/pa geken?
- Wat onthou jy van jou maat se ma/pa?
- Watter dinge het jy saam met jou maat en die ma/pa gedoen?
- Wat jy kan doen om jou maat te help? **[20]**

2.3 **DIALOOG**

Jou broer het nuwe vriende wat verkeerde dinge doen. Jy wil hom teen hierdie vriende waarsku.

Skryf die **gesprek** tussen jou en jou broer neer.



[Bron: www.keywordsuggests.com]

Begin die gesprek só:

Ek: Weet jy dat jou nuwe vriende al met die polisie gebots het?

Broer: Moenie verkeerde dinge oor my nuwe vriende sê nie.

Ek: ...

Broer: ...

**LET WEL:** Laat 'n reël na elke spreekbeurt oop. **[20]**

2.4 **INFORMELE TOESPRAAK**

Daar is baie mense wat hulle selfone op die verkeerde manier gebruik.
Iemand het jou gevra om met die jongmense in julle gemeenskap oor die korrekte gebruik van selfone te praat.

Skryf die **toespraak** neer wat jy vir die jongmense oor die korrekte gebruik van selfone sal lewer.



[Bron: www.all-free-download.com]

Dink aan die volgende:

- Hoekom gebruik jongmense hulle selfone?
- Hoe gebruik jongmense hulle selfone op die verkeerde manier?
- Wat is die korrekte manier om selfone te gebruik?
- Waarom is dit belangrik om selfone op die korrekte manier te gebruik? **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

Skryf 50–70 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan.

### 3.1 ADVERTENSIE

Jou pa het 'n bestuurskool begin. Hy het vir jou gevra om 'n advertensie vir hierdie bestuurskool te ontwerp. Die advertensie gaan in die plaaslike koerant verskyn.

Skryf 'n **advertensie** om die bestuurskool te adverteer.



[Bron: www.adpages.co.za]

Dink aan die volgende:

- Waar is die bestuurskool?
- Op watter dae en tye gaan die bestuurskool oop wees?
- Hoeveel moet jy vir die verskillende lisensies betaal?
- Wie is die kontakpersoon en wat is die kontaknommer?

**LET WEL:** Punte word vir inhoud toegeken, NIE vir versierings NIE. **[20]**

### 3.2 DAGBOEKINSKRYWING

Dit was vandag die juffrou van wie jy die meeste hou, se laaste dag by die skool. Die skool het vir haar 'n afskeidsfunksie gehou.

Skryf in jou **dagboek**. Vertel van die afskeidsfunksie en hoe jy voel oor die juffrou se weggaan.



[Bron: www.wordpress.com]

Dink aan die volgende:

- Waar en wanneer was die funksie?
- Wie was almal by die funksie?
- Hoe voel jy oor die juffrou wat weggaan?
- Watter goeie dinge het jy by hierdie juffrou geleer? **[20]**

## 3.3 INSTRUKSIES

Jou jonger boetie wil vir hom en sy maats springmielies maak. Hy het vir jou gevra om die instruksies neer te skryf.

Skryf die **instruksies** puntsgewys in volsinne neer.

Jy kan die prentjies hieronder gebruik om jou te help.





[Verwerk uit www.wikihow.com]

Voorbeeld:

1. Sny die pakkie springmielies oop.
2. ...
3. ...
... ...
... ...

1. Sny die pakkie springmielies oop.




2.



3.



4.



5.



6.



7.



8.



9.



10.



**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**GROOTTOTAAL: 80**